# <u>Oefening 2019-8𝒜K-00003(1)</u>

(1) ′n Dobbelsteen word gegooi. Wat is die waarskynlikheid om:

(a) ′n faktor van twaalf te gooi?
(b) ′n drie te gooi?
(c) ′n sewe te gooi?
(d) ′n saamgestelde te gooi?

(2) Op ′n plaas is daar 120 koeie, 5 bulle en 63 kalwers. Al die beeste word in ′n kraal gejaag om geweeg te word. Wat is die waarskynlikheid dat die eerste bees wat geweeg gaan word:

(a) ′n bul is?
(b) nie ′n kalf is nie?
(c) ′n koei is?

(3) In ′n houer is daar 12 rooi toffies, 6 blou toffies, 4 groen toffies en 4 pers toffies. As jy net een toffie uit die houer neem, wat is die waarskynlikheid dat dit:

(a) ′n rooi toffie is?
(b) ′n blou of ′n groen toffie is?
(c) nie ′n pers toffie is nie?
(d) ′n geel toffie is?

(4) ′n Pak speelkaarte (52 kaarte) word geskommel en dan word een kaart getrek. Wat is die waarskynlikheid dat die kaart wat getrek is:

(a) ′n aas is?
(b) ′n 7 van diamante is?
(c) ′n klawer kleiner as ses is?
(d) ′n swart hart is?